

29 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 13:13-43

### God se nuwe wêreld

Intensiewe sendingwerk in Klein-Asië - daarvan vertel hierdie gedeelte. Op Paulus se tweede en derde sendingreis het hy hierdie dorpe weer besoek om te kyk hoe dit met die jong gemeentes gaan. Duidelik is daar twee lyne in Paulus se sendingstrategie: *Enersyds* is daar die doelbewuste handeling om van Jerusalem na Rome te gaan, van die Jode na die uithoeke van die aarde sodat al die nasies in Gods volk opgeneem kan word. *Andersyds* word die Jode nie verwaarloos nie. Die uitreik na die Jode en na die heidene gaan in Handeling altyd hand aan hand.

In sy verkondiging toon Paulus dat die koms van die Messias, Jesus van Nasaret, in die geskiedenis van Israel ingebed lê. Dit gaan nog dieper, dit is in die Raad van God veranker. Ook die Jode se verset teen en die moord van Jesus gaan nie buite God se Raad om nie. God se raad maak hulle skuld egter nie minder of ongedaan nie. As 'n mens iets verkeerd gedoen het, kan jy jouself nie verskoon deur te sê dat God dit in elk geval so wou gehad het nie.

Soos vir die ander apostels, was die *opstanding* van Jesus vir Paulus die kern in die uitdra van die evangelie. Waarom juis die opstanding? Omdat die ganse verlossingswerk van God in die opstanding van Jesus sigbaar word. Natuurlik is Jesus se kruisdood ook van deurslaggewende betekenis, maar "dood" is nog deel van die ou wêreld. Om uit die dood op te staan – soos Jesus dit gedoen het – is 'n daadwerklike aankondiging van *God se nuwe wêreld*. Hy sal uiteindelik alles nuut en onverganklik oprig. Daarom dat sy opstanding die kern van die evangelie vorm – tot vandag toe. Sonder hierdie bevrydingsboodskap kan geen gelowige die evangelie aan ander verkondig nie. Daarsonder het hy niks om aan die wêreld te vertel nie. Ook vir die gelowige is dit waar: die opstandingslewe is 'n koninklike lewe. In hierdie lewe gaan hy van krag tot krag steeds verder!

Sing: Skrifberyming 10:2

Prof F Denkema (Potchefstroom)